JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK-EKSAMEN

GRAAD 11

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 3

NOVEMBER 2012

PUNTE: 100
TYD: 2 ½ UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 7 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 11 NOVEMBER-EKSAMEN
VRAESTEL 3

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (30 PUNTE)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan en informatiewe tekste (20 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Nommer die skryfstukke wat jy kies korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Voer die opdragte, by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.

5. Die uiteensetting van jou skryfstukke is baie belangrik. Jy moet elke skryfstuk op 'n NUWE DUBBELBLADSY begin.

   5.1. Doen die beplanning/redigering op die linkerkantste bladsy.

   5.2. Skryf die woorde FINALE PRODUK aan die regterkantste bladsy.

   VOORBEELD:

	LINKERBLADSY **BEPLANNING/REDIGERING** **<u>Kan</u>** só lyk  Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf.		**1.2.**	**REGTERBLADSY** **FINALE PRODUK** Byvoorbeeld: **Die sokkerwêreldbeker**	

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 150 – 200 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1. Skryf 'n opstel waarin jy vertel van 'n sangkompetisie waaraan jy deelgeneem het of 'n TV-sepie of 'n TV-drama waarin jy gespeel het.

Ligte,
Kamera,
Aksie

OF

1.2. Skryf 'n opstel waarin jy vertel watter groot drome of ideale jy vir die toekoms het.

Droom GROOT
vir die toekoms

Dink aan die volgende:

- Wat jou drome / ideale vir die toekoms is
- Hoe jy hierdie drome / ideale 'n werklikheid gaan maak
- Hoe dit jou toekoms gaan beïnvloed.

OF

1.3. Lag is die beste Medisyne

OF

1.4. **DÍT HET DIE AFRIKAANSPERIODES SPESIAAL GEMAAK**

OF

1.5. Tieners moet werk vir hulle eie sakgeld

OF

Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **ENIGE LANG OPSTEL** daaroor.

1.6. 1.

OF

1.6. 2.

OF

1.6. 3.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

• Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.

2.1.

Grootmense is bekommerd oor tieners wat heeldag sms'e stuur.

Die grootmense sê dit is sms-taal se skuld dat tieners so swak spel, maar tieners sê sms-taal het baie meer voordele as nadele.
Skryf 'n ARTIKEL vir julle skoolkoerant waarin jy die voordele en nadele van sms-taal aan die lesers verduidelik.

OF

2.2.

Jy het 'n sertifikaat en 'n trofee by julle skool se prysuitdeling gekry omdat jy die toppresteerder in 'n spesifieke vak is. Skryf 'n BRIEF aan 'n vriend of vriendin waarin jy vertel van die akademiese toekenning.
Skryf oor:

- Vir watter vak dit was.
- Hoekom jy die sertifikaat en die trofee gekry het.
- Wat die vak interessant maak.

OF

2.3.

Julle Afrikaansdepartement het die skrywer van julle voorgeskrewe boek genooi om met die graad 11-leerders te kom praat oor sy / haar boek. Skryf 'n TOESPRAAK waarin jy die skrywer aan die graad 12-leerders voorstel.
Dink aan:

- Hoe jy die skrywer gaan verwelkom.
- Watter deel van die boek/verhaal julle die meeste geniet het.
- Watter probleme julle met sekere dele uit die boek gehad het
- Watter vrae julle graag aan die skrywer wil vra oor die boek//verhaal

OF

2.4.

Ontwerp 'n PAMFLET namens die munisipaliteit waarin jy wenke aan die mense gee hoe om water te bespaar. Verdeel die bladsy van jou antwoordeboek in twee dele. Die een deel moet die voorkant voorstel en die ander deel die agterkant.

Voorkant	Agterkant
• Hoofopskrif van die pamphlet • Redes waarom ons water moet bespaar.	• Wie moet water bespaar. • Wenke hoe om water te bespaar. • Illustrasies.

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE

VRAAG 3

• Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.

3.1. Jou ouers het ingestem dat jy vir jou sestiende verjaardag ’n partytjie by julle huis mag hou. Ontwerp ‘n UITNODIGING wat jy vir jou vriende kan gee.
Dink aan:

- Die dag, datum en tyd.
- Adres.
- Die tema van die partytjie.
- Kontakbesonderhede.

OF

3.2. Skryf die KLEINADVERTENSIES vir TWEE van die illustrasies hieronder neer. Elke advertensie moet 40 – 50 woorde wees. Skryf elke keer die opskrif van die advertensie neer..

			
Selfoon te koop	**Huis te koop**	**Werk gesoek**	**Verlore**

OF

3.3. Jy was by ‘n wedstryd van jou gunsteling sportsoort. Skryf dan 'n POSKAART aan jou vriend / vriendin oor die wedstryd.

ONTHOU: JY MOET DIE POSKAART HIERONDER OORTREK IN JOU ANTWOORDBOEK.

Poskaart	

TOTAAL AFDELING C: 20

VRAESTEL TOTAAL - 100